

PULA IMVULA

GROWING FOOD • PEOPLE • PROSPERITY



STRIKELBLOKKE OP ONS PAD – bly positief gedurende moeilike tye

ELKE NUWE SEISOEN BEGIN MET NUWE SAAD. ONS PLANT HIERDIE SAAD IN DIE GROND SONDER OM TE WEET WAT VOORLÊ. KLIMAAT, MARKTE, PRYSE, POLITIEKE VERANDERINGE; HIERDIE KAN VOLATIEL EN ONVOORSPELBAAR WEES. HOEKOM DOEN ONS DIT? WAT DRYF ONS AS BOERE OM GEWILLIG TE WEES OM HIERDIE STRIKELBLOKKE, HIERDIE ONSKERHEDE, TE PROBEER OORWIN.

Ons doen dit om ons gesinne te voed, om die landbou-ekonomie aan die gang te hou. Soveel nywerhede maak staat op ons as boere om die rou

Gavin Mathews, Baccalaureus
in Omgewingsbestuur. Stuur 'n
e-pos na gavmat@gmail.com



produk te produseer wat hulle verder kan omskep in verskeie ander klaar produkte. Indien ons sou stop om saad in die grond te sit, sal dit 'n beduidende negatiewe rimpel-effek hê. Maar hoe bly ons positief wanneer alles so dikwels teen ons is?



'N BOODSKAP DEUR...

Jane McPherson

ONS MAG NOOIT VERGEET DAT BOERDERY 'N BESIGHEID IS NIE EN INDIEN 'N BESIGHEID WIL OORLEEF, MOET HY WINS MAAK. AS BOERE, GEBRUIK ONSGROND OM PLANTE EN LEWENDEHAWE TE PRODUSEER.

Hierdie somerseisoen is 'n baie uitdagende een. Die reën het laat gekom en in sommige gebiede was die reën so laat dat geen gewasse geplant kon word nie. In ander areas was daar reën, maar die reën het gepaard gegaan met hael en winde wat die gewasse vernietig het. Versekering kan jou help as jy 'n oes kan plant, maar as dit te droog is om te plant, sal geen versekering jou help nie.

Soms stuur Moeder Natuur boodskappe en ons moet probeer om die boodskap te verstaan. Dikwels wil ons nie die boodskap verstaan nie, want dit is nie wat ons wil hoor nie. Ons is nie seker of die nuutste hitte en droogte die gevolg is van globale verwarming waaroor almal praat nie, of is dit net 'n droë tydperk en ons beleef dit al vir honderde jare. Hoe ook al, ons moet ekonomies oorleef terwyl ons kyk of die warmer/droër weer hier is om te bly, of net 'n kort besoek aan ons bring.

Ek is bekommerd oor die boere op die platteland. Vir 'n hele paar jaar het hulle nie goeie gewasse behaal nie en dit is nie omdat hulle arm boere is nie; dit is omdat dit te warm en te droog is om gewasse te plant. Miskien is dit tyd om ander planne te maak.

Goeie boere plant ook gewasse in rotasie. Die boere in die winterreënvalgebiede van die Wes-Kaap is baie goed daarmee om hul gewasrotasies te beplan om die beste gebruik te maak van hul grond. In die somerreënvalgebiede lyk dit asof ons 'n bietjie minder beplanning doen en ons wyk net af van mielies as die seisoen ons nie toelaat om mielies te plant nie. Miskien moet dit verander?

Daar is 'n aantal verskillende kontantgewasse en weidingsgewasse wat droogte beter kan hanteer as mielies, sojabone en sonneblom. Droëbone en akkerbone is goeie gewasse. Die meeste boere het vee, beeste, skape en bokke, en hulle kan ook winsgewend geproduseer word. Deur meerjarige weidingsgewasse te verbou, verminder ons ons jaarlikse koste en die gewas is altyd gereed om enige reënval te ontvang. Deur ons weidings (grasse en peulgewasse) te verhoog en te verbeter, kan ons die produksie van die vee verhoog en meer geld maak. Nie net sal ons meer geld maak nie, maar ons sal ook ons grond meer effektief bewaar.

Kom ons gebruik hierdie jaar tyd om oor ander gewasse te leer en kreatief te dink oor hoe ons die grond wat ons beskikbaar het, kan gebruik. Geniet die opwinding van nuwe moontlikhede. ■

Struikelblokke op ons pad...

Eerstens glo ek dit is absoluut noodsaaklik om elke dag te vat en die beste daarvan te maak!

Doen soveel as jy kan met die tyd wat jy elke dag het. Wees goed met die beplanning en opstel van doelwitte. As jy nie 'n missie vir die volgende dag in plek het nie, sal dit baie moeiliker wees om jouself in die oggend te dwing om op te staan; veral as die pad moeilik word. 'n Boer moet voortdurende motivering hê!

Soms wil jy dalk wegstuur omdat dinge buite nie die moeite werd is om na te kyk nie. Maar onthou dat jou boerdery nie net gaan oor wat op die lande gebeur nie; dit is ook wat in jou boeke en in jou stoor gebeur. Daar is altyd iets wat aandag nodig het wat die moeite werd is om op te fokus. Wanneer die goeie jare kom, kan jy soveel meer geniet, want jy kan gemoedsrus hê dat al die kleiner dinge in die kantoor en in die stoor georganiseer en in orde is.

Bly hoopvol! Moenie bang wees om 'n verwagting vir positiewe uitkomst te hê wanneer die moeilike tye aanhou nie en hulle sal beslis! Bly hoopvol en bly werk. Lewe met geen hoop is soos om nie 'n missie te hê om voor wakker te word nie.

VERHOUDINGS EN KOMMUNIKASIE

'n Plaas is 'n klein gemeenskap met komplekse verhoudings tussen boer, familie en plaaswerkers. Dit is noodsaaklik om 'n harmonieuse werksomgewing te hê; nie net vir jou nie, maar ook vir jou personeel en jou familie. Indien 'n probleem of afwyking voorkom, maak seker dat jy dit so vinnig as moontlik oplos tot jou hele plaasgemeenskap se voordeel.

As leier en hoof van jou besigheid, moet jy bereid wees om te luister na almal se bekommernisse en hulle waardevol en deel van 'n span te laat voel. Wees regverdig en wees genadig. Onthou dat almal wat in jou operasie werk, 'n familie en huis van hulle eie het wat almal met verantwoordelikhede kom.

Neem dit ter harte en wees gewillig om jou personeel in staat te stel om na hul gesin se behoeftes om te sien. Werk altyd aan die bou van 'n vreedsame omgewing waar wedersydse respek die norm is. As jy dit kan bereik, sal jy jou produktiwiteit verhoog, aangesien jou personeel waardevol sal voel, soos 'n skakel in 'n ketting. Betaal altyd billik; selfs in die moeilike tye. Gedurende goeie jare moet jy toewyding en uitnemendheid beloon. 'n Skoolkind sit altyd meer moeite in wanneer hy beloon word vir goeie resultate. Om 'n gelukkige werksomgewing te hê, kan moeilike tye soveel makliker maak om te bestuur, terwyl 'n onaangename, onseker werkplek 'n resep vir depressie en ramp kan wees.



BELÊ TYD IN JOU FAMILIE

Jou familie is die hart van jou besigheid. Belê tyd in jou familie. Probeer altyd om met elke familielid openhartig te wees en gebruik hulle as ondersteuning. Aan die einde van die dag is hulle die rede waarom jy saad in die grond sit, ook vir 'n klomp ander gesinne.



As leier en hoof van jou besigheid, moet jy bereid wees om te luister na almal se bekommernisse en hulle waardevol en deel van 'n span te laat voel. Wees regverdig en wees genadig.



Wees vriendelik en sag. Moenie die spanning van die boerderybesigheid op jou familie uithaal nie, want hulle het ook geen beheer oor al die negatiewe faktore wat jou gewasse beïnvloed nie. Maak 'n punt daarvan om in jou huis oor 'n verskeidenheid onderwerpe te praat en nie net oor die plaas nie. Probeer om af en toe weg te kom, selfs al is dit net vir 'n dag. As jou huis 'n gelukkige en veilige plek is waar die atmosfeer ontspanne en kalm is, kan dit baie help om jou gemotiveerd en toegewyd aan jou besigheid te hou.

VERWAG POSITIEWE UITKOMSTE

Bly hoopvol! Moenie bang wees om 'n verwagting vir positiewe uitkomst te hê wanneer die moeilike tye aanhou nie en hulle sal beslis! Bly hoopvol en bly werk. Lewe met geen hoop is soos om nie 'n missie te hê om voor wakker te word nie. Baie geslagte voor ons was daar en elke geslag het moeilike tye hanteer. Ons kan ook en ons sal. Wees dapper en wees vol waagmoed! Sit die saad in die grond en hoop. Indien dit verlep; bly hoopvol, omdat jy volgende seisoen weer kan probeer. Mag jou besigheid gesê word. ■



We will naturally pursue our goals on the strength of our own resources, skills and enterprise. But, we know that we will be more successful when we do this in partnership with the world.

~ NARENDRA MODI



Só verbeter jy ADMINISTRATIEWE BESTUUR

ADMINISTRATIEWE BESTUUR HET TE MAKE MET, SOOS DIE NAAM AANDUI, DIE ADMINISTRASIE VAN DIE BESIGHEID, MET ANDER WOORDE DIE PAPIERWERK. PAPIERWERK IS DIE ASPEK WAARAAN DIE MEESTE BOERE/EIENAARS/BESTUURDERS NIE GRAAG AANDAG GEE NIE. HULLE WERK EERDER MET GEREEDSKAP.

Dit is egter 'n baie belangrike aspek wat ook doeltreffende bestuur vereis. Óf die eienaar/bestuurder self aandag daaraan gee óf iemand anders kry om dit te doen maak nie saak nie – dit is belangrik dat iemand die verantwoordelikheid moet neem. Dit bly egter nog altyd finaal die verantwoordelikheid van die eienaar/bestuurder. Vir doeleindes van doeltreffende bestuur word 'n plaaskantoor benodig.

DOELWITTE VAN DOELTREFFENDE ADMINISTRATIEWE BESTUUR

- Om ten minste die finansiële resultate en finansiële posisie van die besigheid te handhaaf en verkieslik te verbeter.
- Om die vlak van beplanning, organisering, implementering en beheer van administratiewe bestuur te verbeter.
- Om die besluitnemingsproses aangaande administratiewe bestuur te verbeter – wat moet gedoen word om die “papierwerk te verbeter”.
- Om die besigheid te orden en by te dra tot die beeld van die besigheid.

DIE PLAAS (BOERDERY) KANTOOR

In die besigheidsomgewing van vandag is dit uiters belangrik dat die eienaar/bestuurder 'n behoorlike kantoor tot sy/haar beskikking het.

**Aangepas uit die Graan SA
Plaasbestuur vir Winskursus**



Verkieslik moet die kantoor 'n aparte vertrek wees om te dien as die sentrum van “bymeekaarkom”, prosessering, die gebruik en bewaring van bestuursinligting. Maar afhangende van die grootte van die boerdery kan 'n kantoor geleë wees in enige gerieflike plek soos byvoorbeeld in 'n eetkamer/slaapkamer of so aan.

Die aard van die plaaskantoor

Dit is baie belangrik om êrens 'n kantoor te vestig wat kan dien as die “beheerkamer” van die besigheidsaktiwiteite. Ideaal gesproke behoort die kantoor toegang van buite te hê, groot genoeg wees en toegerus wees met die nodige kommunikasietoerusting en ander toerusting. Dit is wenslik dat die volgende toerusting en items beskikbaar behoort te wees in die kantoor:

- Tafel/lessenaar
- Stoele
- Liasseerkabinette
- Boekrakke
- Kluis
- Rekenaar met toegang tot e-pos en internet en drukker
- Telefoon/selfoon met faks en boodskapneemfasiliteite
- Fotokopieerfasiliteite
- Twee-riktoringradios



- Interkom
- Lêers vir korrespondensie
- Volledige kaart van die plaas
- Kennisgewingbord
- Kalender
- Lêers vir dokumente
- Die nodige skryfbehoeftes

Kantoorroetine

Bogenoemde toerusting is van nul en geen waarde indien dit nie korrek gebruik word nie. 'n Geordende kantoorroetine is dus noodsaaklik.

Korrespondensie

Korrespondensie moet elke dag aandag geniet deur dit te liasseer in een van die volgende korrespondensielêers:

- **IN** lêer vir tydelike liassering om later aandag te geniet.
- **VIR AANDAG** lêer vir onmiddellike aandag.
- **LIASSEER** lêer vir permanente liassering nadat die bepaalde korrespondensie aandag geniet het.

Dit is baie, baie belangrik om afskrifte van alle uitgaande korrespondensie en dokumente te hou en om hulle behoorlik te liasseer.

Brondokumente

Brondokumente van finansiële transaksies moet dadelik geprosesseer word volgens die metode wat gebruik word en dan geliasseer word.

Volgens die bepalings van die belastingwette moet hierdie dokumente vir 'n minimum periode van vyfjaar veilig bewaar word.

Brondokumente en ander besigheidsinligting kan geliasseer word in die volgende groepe vir veilige bewaring:

- Bankstate, bank- en depositostrokies
- Aankoopfakture en afleveringsdokumente
- Verkoopfakture en afleveringsdokumente
- Gebruikte tjeks en tjekteenblaaië
- Arbeidsrekords
- Masjinerierekords
- Reënvalrekords
- Finansiëlestate
- Persoonlike dokumente
- Huishoudelike rekeninge

Liassering

Baie tyd gaan verlore deur vir dokumente te soek. Daarom moet daar verkieslik daaglikse aandag gegee word aan liassering en die liassering moet:

- Eenvoudig en maklik wees om toe te pas
- Spasie spaar en so effektief as moontlik wees
- Maklik wees om dokumente op te spoor en die dokumente moet maklik bereikbaar wees
- Moet maklik uitgebrei of verklein kan word

'n Indeksstelsel waarvolgens die lêers geklassifiseer word, is noodsaaklik. Geliasseerde dokumente moet op so 'n manier gemerk word dat dit maklik is om op te spoor en weer maklik en korrek geherliasseer kan word.

Beplanning en aantekening van belangrike geleenthede

Alle beplanning en aantekening van belangrike geleenthede moet daaglikse gedoen word. 'n Muurkalender of 'n kennisgewingbord is baie handig om belangrike datums op aan te teken en te onthou.

PRAKTIESE AANBEVELINGS OM ADMINISTRATIEWE BESTUUR TE VERBETER

- Vestig 'n kantoor êrens sodat daar behoorlike aandag aan die papierwerk gegee kan word.
- Doen die kantoorwerk verkieslik op 'n daaglikse basis al beteken dit in die aand of dan ten minste elke week/maand.
- Indien nodig woon 'n kursus by om die vaardighede om 'n kantoor te bestuur te bekom.

VOORDELE VAN DOELTREFFENDE ADMINISTRATIEWE BESTUUR

- Indien die kantoor behoorlik bestuur word, kan dit die hart van die besigheid wees in terme van beplanning, organisering, implementering en beheer van die besigheid.
- Doeltreffende administratiewe bestuur kan 'n wesenlike rol speel in die handhawing of meer verkieslik die verbetering van die finansiële resultate en die finansiële posisie van die besigheid.
- Dit is 'n vereiste volgens wetgewing om alle finansiële brondokumente te liasseer en te berg, en op die manier kan die eienaar/bestuurder uit die moeilikheid uit bly.
- Doeltreffende bestuur sal die besluitnemingsproses ten opsigte van administratiewe bestuur bevorder – wat kan gedoen word om die papierwerk te verbeter.
- In geval van navrae is dit maklik om stawende dokumente te vind. ■



SONNEBLomme

en hul ontwikkelingsfases

DIT WAS NOG 'N ABNORMALE SEISOEN IN DIE SOMERGEWAS GEBIEDE VAN DIE LAND. DIE LAAT REËNS HET VEROORSAAK DAT VERSKEIE BOERE HULLE SONNEBLOM GEWASSE IN JANUARIE EN SELFS TOT VROEG IN FEBRUARIE GEPLANT HET.

Terwyl die sonneblomplant baie verdraagsaam kan wees, omdat dit gehard is teen ligte vroeë ryp, sal baie boere hierdie seisoen asem ophou en hoop vir maksimum potensiële opbrengste voordat die koue weer kom!

Die totale hoeveelheid tyd wat die sonneblomplant benodig om tot volwassenheid te groei, is afhanklik van beide die genetiese samestelling en die omgewing waarin dit groei. Sonneblom se blare is fototropies, wat beteken dat hulle die son volg en daar word geglo dat dit die plant se gebruik van lig vir fotosintese verhoog.

Sonneblomme staan bekend as saamgestelde blomme. Alhoewel die groot kop bo-aan die plant bekend staan as die blom, is dit eintlik honderde klein blommetjies. Die manlike meeldrade en die vroulike stigma is albei teenwoordig in die ronde blomkop. Die meeldrade bestaan uit filamente en stuifmeelproduserende helmknoppe. Die stigma huisves die styl, wat die stuifmeel ontvang en dit toelaat om na die eierstok af te beweeg, waar die onbevurgte sade, dit is die eiers, geleë is. Hierdie proses van bestuiwing stel die blomme in staat om sade te produseer.

Die geel blomblare is eintlik nie blomblare nie, maar is elkeen 'n kleuraksentblom. Die aksentblomme se doel is om bestuiwers na die sirkelvormige blomme te lok. Die ronde blom is die klein knoppies in die middel van die sonneblomkop (**Figuur 1**).

Oor die algemeen vereis sonneblom ongeveer elf dae van plant tot opkoms; dan 33 dae vanaf opkoms tot die vorming van die sonneblomkop. 27 Dae later sal die eerste helmknop verskyn en die laaste helmknop sal ongeveer agt dae later vorm. Dit sal ongeveer 30 dae neem vanaf die verskynning van die laaste helmknop tot volwassenheid. (Die helmknop is die deel van die sonneblom wat stuifmeel produseer).

Dit is vir boere nuttig om die groeistadiums van die plant en sy behoeftes op verskillende stadiums te verstaan. Elke kultivar in die mark het 'n aanduiding van die aantal dae tot volwassenheid. In 'n laat seisoen soos hierdie een, sou baie boere 'n korter groeiende kultivar gekies het.

GEVOLGTREKKING

Om die verskillende stadiums van ontwikkeling te verstaan, is belangrik. Dit is die boer se verantwoordelikheid om sy landerye dwarsdeur die groeiseisoen te monitor om te verseker dat elke plant die geleentheid kry om tot sy volle potensiaal te ontwikkel. Sommige faktore soos die afwesigheid van reën kan nie beheer word nie, maar die toevoeging van voedingstowwe in die grond en die beheer van plae en siektes is aspekte wat bestuur kan word. Wanneer die plant 'n terugslag ondervind as gevolg van enige probleem, sal die blare te vroeg verlep en die opbrengste sal negatief beïnvloed word.

VERWYSINGS

Schneider, A. A., en J.F. Miller. 1981. *Beskrywing van Sonneblom Groeistadiums*. *Gewas Sci.* 21: 901-903. Hersien en herdruk Mei 2013. *Beskikbaar aanlyn:* <https://www.ag.ndsu.edu/publications/crops/stages-of-sunflower-development>




Jenny Mathews, Pula Imvula
medewerker. Stuur 'n e-pos na
jenjonmat@gmail.com

Sonneblom groeistadiums *Beskikbaar aanlyn:*

https://cereals.ahdb.org.uk/media/184824/sf2_growth_stages.pdf


Sonneblomproduksie - 'n bondige gids. Aanlyn beskikbaar: https://www.kzndard.gov.za/images/Documents/RESOURCE_CENTRE/GUIDELINE_DOCUMENTS/PRODUCTION_GUIDELINES/Look-n-Do/Sunflower%20Production.pdf

1 Die sonneblomkop.




Bron: <http://cronodon.com/BioTech/asteraceae.html>

2 Die stadiums van ontwikkeling en die plantbehoefte gedurende elke stadium.



Bron: Sonneblomproduksie - 'n Beknopte Gids (www.kzndrad.gov.za)

0 ONTKIEMING



Ontkieming van die saad.

3 REPRODUKTIEWE FASES – GROEI VAN DIE BOTSSEL

1. Die botsel vorm 'n klein blomkop in die middel van 'n roset van blare met die onvolwasse skutblare wat 'n steragtige voorkoms vorm (**Foto 2a**).
2. Die botsel verleng tot tussen 0,5 cm en 2 cm bo die naaste blaar op die stingel (jy tel nie die blare op die agterkant van die botsel nie).
3. Die onvolwasse botsel groei vetter en langer tot meer as 2 cm bokant die naaste en laaste blaar.
4. Die bloeiwyse begin oopmaak en die onvolwasse geel strale van blommetjies is nou sigbaar, maar nog steeds bleek van kleur (**Foto 2b**).




2a



2b

1 VEGETATIEWE OPKOMS




Die saailing het opgekom. Saadlobbe is die eerste blare wat deur plante na opkoms geproduseer word. Saadlobbe word nie as ware blare beskou nie, omdat dit eintlik deel van die saad of embrio van die plant is. Vegetatiewe opkoms is die groeifase waar die eerste blaar na die saadlobbe minder as 4 cm is.

4 REPRODUKTIEWE STADIA – BLOM, BESTUIWING EN SAADPRODUKSIE



3a



3b

1. Hierdie stadium is die begin van blom. Die aksentblommetjies ontvou en die nek of die bo-punt van die blomsteel begin kantel teen 'n hoek (**Foto 3a**).
2. Die blomkop vergroot tot die aksentblommetjies volledig oop is en die buitenste ringe van die ronde blomme begin om stuifmeel vry te laat (**Foto 3b**).
3. Die drie buitenste ringe van die ronde blomme word nou volledig vroulik deur die verskyning van die ontvanklike stigmata. Meer stuifmeel word vrygestel deur die helmknoppies van die volgende drie ringe van die ronde blommetjies.
4. Saadproduksie vind nou plaas in die drie buitenste ringe van die blommetjies, terwyl stigmata sigbaar is in die volgende drie ringe wat na binne beweeg. Die volwasse sade is liggrys en steeds sag.
5. Blomvorming is voltooi. Die laaste van die ronde blommetjies is aktief en die aksentblomme verwelk en vervaag. Die sade in die buitenste sirkel het donkerder geword en hul buitenste laag harder.

5 SAAD VOLWASSEWORDING

1. Die sonneblomplant se aksentblomme is afgeskud, maar die agterkant van die ronde blom (die sonneblomkop) is steeds groen (**Foto 4a**).
2. Die agterkant van die kop begin bleekgeel vertoon, maar die skutblare is steeds groen. (Die skutblare is daardie groen gepunte blaaragtige deel wat die ronde blom en aksentblomme aan die agterkant beskerm.) Saadvog daal tot 50% (**Foto 4b**).
3. Die skutblare word geel en bruin. Op hierdie stadium word die sonneblomplant as fisiologies volwasse beskou. Die ronde blom het begin uitdroog en die voginhoud is 80% minder met saadvog omtrent 30% (**Foto 4c**).
4. Die agterkant van die ronde blom is nou bruin verkleur, die stamweefsel droog nou uit. Saadvog is ongeveer 15% (**Foto 4d**).



4a



4b



4c



4d

2 VEGETATIEWE FASES

V1, V2, V3 ensovoorts tot die laaste blaar byvoorbeeld V12. Tel die aantal ware blare wat minstens 4 cm lank is. Ons tel ook die letsels waar 'n blaar was – selfs al het dit verdor as gevolg van die proses van blaarveroudering (**Foto 1**). Blaarveroudering is die term wat gebruik word om die proses van agteruitgang te beskryf as gevolg van die veroudering van die plant.



1



Hou jou gesig na die son en jy sal nie die skaduwee sien nie. Dit is wat sonneblomme doen.
– Helen Keller

Gewasbestuur by sojabone vir April en Mei

BOERE HET BAIE WISSELVALLIGE EN ABNORMALE REËNVALPATRONE GEDURENDE DIE 2018/2019 SEISOEN BELEEF. KLIMAATSVERANDERING HET WERKLIK 'N BAIE GROOT FAKTOR IN ALLE DROËLAND GEWASPRODUKSIE AREAS GEWORD, MET 'N KLEINER IMPAK OP BESPROEINGSBOERE. SELFS DIE KLIMAATS-EN WEERVOORSPELLERS WAS ONSEKER IN HULE VOORSPELLINGS VAN DIE VERWAGTE REËNVALPATRONE.

Sommige gebiede kon op die optimale planttyd vir droëlandproduksie plant. Ander boere was in staat om 'n gedeelte van die gewas te plant en kon dan voortgaan om te plant na afwisselende donderstorms. Hulle sou verskillende soorte sojabone op verskillende stadiums hê, afhangende van die reënvalpatrone wat hulle in hul provinsie, of boerdery distrik ondervind het.

Besproeiingsprodusente sou in staat wees om op die optimale tyd soos beplan, te kon plant. Omtrent al die produksiegebiede het baie hoë, of selfs abnormale hitte-eenhede tydens die produksiesiklus ondervind.

Die meeste sojaboonlande wat gedurende die optimale vensterperiode tussen die begin van Oktober en die einde van November 2018 geplant is, sal geoes word gedurende Maart en April 2019.

HOE VERGELYK JOU RESULTATE?

Afhangende van jou werklike plantdatum en indien jou plaas in 'n koel, matige of warm produksie area is, kan die gemiddelde dae van alle kultivars 'n verskeidenheid van waardes of maatstawwe vir verskillende fisiologiese groeistadiums dek, soos in **Tabel 1**.

Die nasionale gemiddelde opbrengs per hektaar vir die 2017/2018 produksieseisoen kan bereken word uit die eindverslag van die Oesskatingskomitee (NOK) op 1,97 t/ha, aangepas tot ongeveer 2,00 t/ha, uit 'n totale oes van 1 550 800 ton en geplante area van 787,000 ha.

Hierdie resultate toon dat die gebruik van kultivar proefopbrengste as 'n riglyn vir kultivarkeuse op jou plaas baie nuttig is, maar dat

Geskryf deur 'n afgetrede boer



die werklike gemiddelde opbrengste geoes minder as die moontlike opbrengste was.

Jy sou al vasgestel het wat die sojaboonopbrengs is wat die verskillende kultivars op jou plaas gerealiseer het. Dit kan vergelyk word met dié van ander sojaboonboere in jou distrik en dan met die kultivar proefopbrengs wat naby jou geplant is en dan die nasionale gemiddelde.



Afhangende van jou werklike plantdatum en indien jou plaas in 'n koel, matige of warm produksie area is, kan die gemiddelde dae van alle kultivars 'n verskeidenheid van waardes of maatstawwe vir verskillende fisiologiese groeistadiums dek.



Dit sal die ideale tyd wees om te bepaal watter kultivar het die beste op jou plaas presteer, om sodoende die regte kultivars vir die 2019/2020 seisoen te bestel. Dit is altyd die beste om 'n verskeidenheid geskikte kultivars te hê om te plant, binne die plantvenster periodes wat toegelaat word deur die veranderlike reënvalpatrone wat ook in die toekoms ervaar kan word.

OORWEGINGS VIR KULTIVAR EN GROEIMAATSTAWWE

Sojaboon produksiegebiede in Suid-Afrika word bepaal deur die hoogte of ligging van 'n plaas of distrik bo seespieël. Die koeler produksiegebiede is in die ooste geleë, met 'n korter produksieseisoen en met matige somerdae en relatief hoë reënval.

Die matige produksiegebied het oor die algemeen 'n lang produksieseisoen met warmer dae en gemiddelde reënval. Trouens, meer

1 Fisiologiese groeistadiums en opbrengste.

Produksie area	Dae tot 50% blom	Dae tot fisiologiese volwassenheid	Dae van plant tot oes	Gemiddelde opbrengs van alle kultivars getoets kg/ha	Variasie kg/ha
Koel	71	137	159	2 600	2 199 - 2 967
Matig	57	120	136	2 489	1 930 - 2 903
Warm	48	122	138	2 465	1 819 - 2 998

Geneem uit die nasionale sojaboon proefresultate vir die 2015 - 2016 produksieseisoen

'n Vinnige blik op oliesaad markte

IN HIERDIE ARTIKEL HET ONS GEKYK NA WAT IN DIE OLIESAAD MARKTE GEBEUR EN VERAL GEFOKUS OP SOJABONE IN TERME VAN VRAAG EN AANBOD.



**Ikageng Maluleke, Junior Ekoonom,
Graan SA. Stuur 'n e-pos na
Ikageng@grainsa.co.za**

Globale Sojaboon Markte

Die globale sojaboonvooruitsig vir die 2018/2019 bemarkingsjaar voorspel dat daar laer produksie, uitvoere, geperste sojabone en eindvoorraad sal wees. Globale produksie word geraam op 361 miljoen ton, vergeleke met 369 miljoen ton van vorige skattings, hoofsaaklik as gevolg van 'n laer oes in Brasilië, Argentinië, Paraguay, Uruguay en Suid-Afrika.

Globale sojaboonuitvoere is met 1,7 miljoen ton verminder tot 154,4 miljoen ton. Laer uitvoere vir Brasilië, Uruguay en Paraguay word gedeeltelik geneutraliseer deur hoë uitvoere na Argentinië. Globale invoer word ook hoofsaaklik verminder met 'n afname van 2 miljoen ton vir China weens die laer geperste sojaboon aanvraag. Globale eindvoorraad word beraam om laer te wees weens gewasverwante veranderinge, sowel as historiese voorraad hersienings in Brasilië en Argentinië.

VSA Oliesaad Mark

Die VSA se oliesaadproduksie is vir 2018/2019 laer hersien, met 'n beraamde 134 miljoen ton in vergelyking met 135,5 miljoen ton vir die vorige skatting. Die laer skatting is te wyte aan kleiner sojaboon-, kanola-, grondboon- en katoensaad.

VSA sojaboonproduksie word beraam op 123 miljoen ton, wat laer is as die vorige skatting, met 'n geoeste oppervlakte van ongeveer 35 miljoen hektaar. VSA geperste sojabone word geskat om

te styg, terwyl sojaboon produksie onveranderd sal bly. 'n Afname in uitvoere word verwag as gevolg van laer voorraad en toenemende geperste voorraad, terwyl eindvoorraad na verwagting laer as die vorige skatting is.

Plaaslike Sojaboonmark

Droë toestande het sojaboonaanplantings ontwig, wat gelei het tot minder hektare aangeplant as wat die Oesskattingskomitee (NOK) aanvanklik beraam het (851 800 hektaar vergeleke met 743 600 hektaar).

Totale aanbod van sojabone in Suid-Afrika word vir die 2018/2019 bemarkingseisoen op 1,8 miljoen ton geskat insluitend openingsvoorraad (op 1 Maart 2018) van 330 535 ton, kommersiële lewerings van 1,5 miljoen ton, soja invoere van 6 700 ton vir Suid-Afrika en surplus van 11 000 ton.

Totale vraag vir Suid-Afrika, insluitende plaaslike en uitvoere vir sojabone, word geskat op 1,3 miljoen ton; insluitende 25 000 ton vir menslike verbruik, 210,000 ton vir diereverbruik, 1 miljoen ton vir geperste sojabone (olie en oliekoek) en die res van die balans is voorraad wat deur produsente onttrek en beskikbaar gestel is aan eindverbruikers, saad, ensovoorts. Uitvoere word geskat om ongeveer 33 000 ton vir 2018/2019 te bereik. Eindvoorraad vir 28 Februarie 2019 word na verwagting op ongeveer 500 000 ton geskat. ■

hitte-eenhede vir groei as die koeler areas. Die warmer gebiede het 'n lang groeiseisoen, met warmer dae en minder reënval, wat meer geskik is vir produksie onder besproeiing.

'n Basiese reël is dat hoe meer hitte-eenhede beskikbaar is in 'n bepaalde produksie omgewing gedurende die groeiseisoen, hoe later kan jy plant. In matige en koeler areas moet die gewas geplant word om die beste resultate te kry. (Verwys asseblief na die uitstekende en insiggewende artikel: "Wanneer om sojabone te plant" deur Nico Barnard, Navorsingsagent, Pannar Saad, wat in die November 2015 *Pula Imvula* gepubliseer is, vir 'n volledige bespreking van bogenoemde).



Dit is altyd die beste om 'n verskeidenheid geskikte kultivars te hê om te plant, binne die plantvenster periodes wat toegelaat word deur die veranderlike reënvalpatrone wat ook in die toekoms ervaar kan word.



Groeistadiums

Groeistadium keuse is gebaseer op die nag eenhede wat vereis word vir die beheer van die aanvang van vegetatiewe en blomfases en verskil vir elke hoof kultivarkeuse en sal 'n faktor wees om te oorweeg in

die besluitneming om die regte kultivar vir jou plaastoestande te vind. Oor die algemeen word groeistadium 4,5 tot 6,5 gebruik in die koel areas en 5 tot 7 in die matige tot warm gebiede. As jy nie vertrou is met hierdie konsepte nie, vra asseblief jou konsultant of saadhandelaar vir meer inligting oor hierdie aspek van die keuse van die korrekte kultivars vir jou omstandighede.

Ander Bestuursfaktore

Kultivarkeuse word uitgelik as een van die primêre faktore wat bydra tot die maksimalisering van opbrengste. Ander faktore vir sukses om in diepte te analiseer, is die doeltreffendheid en omvang van knoppiesbakterieë vorming, grondvrugbaarheid, bemesting en onkruidbeheer.

Het jy betyds geplant en die beplande plantpopulasie en opbrengsteiken bereik? Indien die resultate vir elke land aangeteken en jou gewasverkenning deeglik was, sal jy bewus wees van watter faktore die belangrikste was en of jy beter kon bestuur of implementeer.

Belangrikste: Het jy kwaliteit pitte geoes en jou oes reg verkoop om die maksimum moontlike prys te behaal?

Gevolgtrekking

Gebruik die uitslae van 'n moeilike seisoen om die beste plan vir die volgende een te maak. ■

SKEP 'N GELUKKIGE WERKSPEK

BAIE BESIGHEIDSEIENAARS/BESTUURDERS SAL MET ENTOESIASME BEVESTIG DAT HUL WERKS-MAG HUL BELANGRIKSTE HULPBRON IS. DIT LAAT ONMIDDELLIK DIE VRAAG ONTSTAAN – WAAROM WORD MENSE GEKLASSIFISEER AS 'N HULPBRON, SOOS GROND, WATER, GEBOUE, MASJINERIE, ENSOVOORTS?

Sekerlik is die werksmag veel meer as net 'n hulpbron. Werknemers moet al die hulpbronne onder leiding van 'n bestuurder op so 'n wyse gebruik dat die besigheid winsgewend en volhoubaar is. Gelukkige, gemotiveerde werknemers is gewoonlik effektiewe werknemers wat bydra tot 'n besigheid se winsgewendheid en volhoubaarheid.

In die lig hiervan is dit 'n groot verantwoordelikheid van 'n bestuurder om sy/haar werknemers so te lei dat hulle tevrede en gemotiveerde werknemers is. Sulke werknemers sal normaalweg produktief wees en daarna streef om hul werk na die beste van hul vermoëns te doen. In die lig van toenemende koste-produktiwiteit sal dit 'n uiters belangrike aspek wees om aandag aan te gee. Hoër koste kan die winsgewendheid van 'n besigheid negatief beïnvloed.

Kommunikasie in die werksplek is uiters belangrik vir organisasies, omdat dit produktiwiteit en doeltreffendheid verhoog.

Ons as mense is ingewikkelde wesens en daar is nie vaste en vinnige reëls om werknemers te bestuur nie. Ons verskil en wat een persoon motiveer, sal nie noodwendig 'n ander motiveer nie. Daar is verskeie faktore wat as motiveerders vir werknemers dien. 'n Goeie loon is natuurlik 'n redelike motiveerder, maar ander faktore speel ook 'n rol. Sekuriteit in die werksplek, regverdige behandeling, verantwoordelikheid, erkenning en lof is enkele van die ander faktore wat die houding van 'n werknemer



Marius Greyling, Pula Imvula medewerker. Stuur 'n e-pos na mariusg@mcgacc.co.za



1

Foto 1 en 2: Ons kan nie alleen werk nie, daarom is dit belangrik om te kyk na diegene wat ons help.



2

teenoor sy/haar werk beïnvloed. Bestuurders moet dus aandag aan hierdie ander aspekte gee, ook om bevredigende en gedissiplineerde werkers te skep. Daar moet daarom 'n paar riglyne gevolg word.

GELUKKIGER, GESONDER WERKSPEK

'n Algemene area om met 'n positiewe gesindheid onder werknemers te begin, is om 'n tevrede en produktiewe werksplek te skep. 'n

Tevrede werksplek sal 'n werksplek wees waar 'n werknemer gelukkig, of tevrede is en gerus en veilig voel.

Hoe gaan ek te werk? Skep 'n veilige werksplek deur duidelike reëls en riglyne oor die werksplek en werk te implementeer om te verseker dat wrywing en misverstande tot 'n minimum beperk word. Pas hierdie reëls en riglyne regverdig op almal toe. Reëls sal wees oor werksure, verlof, betaling, rook, seksuele misbruik in die werksplek,



onder invloed van sekere middels, beroepsgesondheid en -veiligheid, ensovoorts. Die werkgewer moet ook die korrekte prosedures oor alle kwessies volg, veral ontslag, afleggings, dissipline, griewe en algemene dissipline.

Nakoming van arbeidswetgewing is 'n groot besigheidsrisiko vir werkgewers, weens die invloed op die houding van werknemers. In

Suid-Afrika word die arbeidsmark nou beheer deur 'n breë spektrum van wetgewing waaraan werkgewers moet voldoen. Die positiewe van die nakoming van al die reëls en jou eie werksplek reëls en -regulasies is dat dit help om 'n veilige werksplek te skep waar almal presies weet wat van hom/haar verwag word. 'n Veilige werksplek word gevestig wanneer die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid in alle besonderhede nagekom word. Indien jy nie in ooreenstemming met alle toepaslike wette en regulasies is nie, kan jy seker wees van 'n ontevrede werksmag.

Dit is belangrik dat werk gedoen word deur die korrekte en toepaslike hulpbronne te gebruik om produktiwiteit te verseker.

KOMMUNIKASIE

Vervolgens moet jy let op kommunikasie. Kommunikeer duidelik en gereeld met jou personeel om 'n werksomgewing te skep wat produktiwiteit bevorder. Konsulteer gereeld met werknemers en hou rekord van alle konsultasies. Doeltreffende kommunikasie in die werksplek verseker dat al die doelwitte van die organisasie bereik word. Kommunikasie in die werksplek is uiters belangrik vir organisasies, omdat dit produktiwiteit en doeltreffendheid verhoog.

Wenke vir effektiewe kommunikasie

Wees duidelik en presies, verstaan jou werknemers, gebruik verskillende kanale, pas aksies en woorde bymekaar aan, kommunikeer gereeld, vra terugvoer en reageer op terugvoering, moenie oor-kommunikeer nie, vermy steurnisse wat kommunikasie kan verhoed, soos geraas en baie belangrik, luister, luister regtig na wat die ander persoon sê.

Wanneer jy behoorlik met jou werknemers kommunikeer, bou jy goeie verhoudings met hulle en wanneer jy dit doen, verbeter jy werknemers se moraal, werknemersproduktiwiteit, lojaliteit en verminder foute.

Die bestuurstyl wat jy toepas, sal ook die omgewing negatief of positief beïnvloed. Om die werksplek omgewing positief te beïnvloed, moet jy jou werknemers van voor af lei en nie met dreigemente afdwing nie. Dan is jy net 'n baas en nie 'n leier nie. 'n Ware leier is entoesiasties, het 'n kapasiteit vir harde werk, toon goeie integriteit, het 'n gevoel vir menseverhoudings, toon verantwoordelikheid, het vertroue en kan behoorlik kommunikeer en luister.

Dit is ook belangrik om die gereedskap, toerusting, masjinerie, fasiliteite, ensovoorts te oorweeg. Dit is belangrik dat werk gedoen word deur die korrekte en toepaslike hulpbronne te gebruik om produktiwiteit te verseker. Daarbenewens moet alle hulpbronne in 'n goeie toestand wees en as sodanig gehandhaaf word om die werk behoorlik en betyds te doen. Niks is meer frustrerend as om spesifieke werk te doen sonder die korrekte gereedskap nie.

Wil jy 'n tevrede, gelukkige, produktiewe werkerskorps hê – skep 'n veilige en produktiewe werksplek. ■

Redaksie

GRAAN SA: BLOEMFONTEIN

Louw Wepenerstraat 46
1ste Vloer
Dan Pienaar
Bloemfontein, 9301
■ 08600 47246 ■
■ Faks: 051 430 7574 ■ www.grainsa.co.za

HOOFREDAKTEUR

Jane McPherson
■ 082 854 7171 ■ jane@grainsa.co.za

REDAKTEUR & VERSPREIDING

Liana Stroebe
■ 084 264 1422 ■ liana@grainsa.co.za

UITGEWERSVENNOOT

INFOWORKS
Johan Smit ■ Ingrid Bailey ■ Marisa Fourie
■ 018 468 2716 ■ johan@infoworks.biz



Graan SA Ontwikkelingsprogram vir Boere

ONTWIKKELINGSKOÖRDINEERders

Johan Kriel
Vrystaat (Ladybrand)
■ 079 497 4294 ■ johank@grainsa.co.za
■ Kantoor: 051 924 1099 ■ Dimakatso Nyambose

Jerry Mthombathi

Mpumalanga (Nelspruit)
■ 084 604 0549 ■ jerry@grainsa.co.za
■ Kantoor: 013 755 4575 ■ Smangaliso Zimbili

Jurie Mentz

Mpumalanga/KwaZulu-Natal (Louwsburg)
■ 082 354 5749 ■ jurie@grainsa.co.za
■ Kantoor: 034 907 5040 ■ Sydwell Nkosi

Graeme Engelbrecht

KwaZulu-Natal (Dundee)
■ 082 650 9315 ■ dundee@grainsa.co.za
■ Kantoor: 012 816 8069 ■ Nkosinathi Mazibuko

Luke Collier

Oos-Kaap (Kokstad)
■ 083 730 9408 ■ goshenfarming@gmail.com
■ Kantoor: 039 727 5749 ■ Luthando Diko

Liana Stroebe

Wes-Kaap (Paarl)
■ 084 264 1422 ■ liana@grainsa.co.za
■ Kantoor: 012 816 8057 ■ Hailey Ehrenreich

Du Toit van der Westhuizen

Noordwes (Lichtenburg)
■ 082 877 6749 ■ dutoit@grainsa.co.za
■ Kantoor: 012 816 8038 ■ Lebo Mogatlanyane

Sinelizwi Fakade

Mthatha
■ 071 519 4192 ■ sinelizwifakade@grainsa.co.za
■ Kantoor: 012 816 8077 ■ Cwayita Mpotyi

PULA IMVULA IS BESKIKBAAR IN DIE VOLGENDE TALE:

Afrikaans,
Engels, Tswana, Sesotho,
Sesotho sa Leboa, Zulu en Xhosa.

Artikels wat deur onafhanklike skrywers geskryf word, is die mening van die skrywers en nie die van Graan SA nie.

Globale mielie-markvooruitsigte

WAT KAN 'N MENS VERWAG VAN DIE VRAAG EN AANBOD VIR DIE GLOBALE EN PLAASLIKE MIELIE-MARKTE VIR DIE BEMARKINGSJAAR 2018/2019? HIERDIE ARTIKEL WYS OP DIE VOORUITSIGTE.

Globale mielieproduksie word hoër geraam as gevolg van verhoogde produksie en verbruik en marginale laer handel. Argentinië, China en Oekraïne het produksie tot 'n punt verhoog wat meer as die tekorte in Suid-Afrika en Mexiko aanvul.

Argentinië se toename in produksie is hoofsaaklik gegrond op hoër verwagte oppervlakte en opbrengs as gevolg van 'n oorvloed reënval en bevorderlike temperature in Desember en Januarie, wat die opbrengsvooruitsigte verhoog. China en Oekraïne is hoër gebaseer op die jongste amptelike statistieke.

Wêreldwye handel vir 2018/2019 sluit in verhoogde mielie-uitvoere vir Argentinië en Oekraïne, terwyl invoere vir Suid-Afrika en Chili verhoog word, maar vir Venezuela verlaag word. Globale mielie-eindvoorraad is hoog en reflekteer meestal verhogings vir Argentinië en China.

PLAASLIKE MIELIEMARK

Suid-Afrika se mielieproduksieskattings is weens hitte en droogte in Januarie, veral in die westelike produserende gebiede hersien, wat die

vooruitsigte vir opbrengs verminder. Vir die 2018/2019 seisoen word die totale mielievoorraad geskat op 16,5 miljoen ton, wat insluit openingsvoorraad van 3,6 miljoen ton (soos op 1 Mei 2018), plaaslike kommersiële lewerings van 12,3 miljoen ton, invoer van heelmelie-invoere van 150,000 ton en vroeë lewerings van ongeveer 260,000 ton.

Totale vraag, insluitend uitvoere, word geskat op 12,9 miljoen ton; met 'n totale binne-landse vraag van 10,7 miljoen ton, 5,1 miljoen ton vir menslike verbruik en 5,3 miljoen ton vir dierevoeding en industriële verbruik en die res vir mieliegruis, mielies teruggehou deur produsente, ensovoorts.

Geprojekteerde uitvoer kwaliteit mielies word geskat op 208 000 ton verwerkte produkte en 200 000 ton heelmelies. Geskatte sluitingsvoorraad soos op 30 April 2019, word beraam op 3,5 miljoen ton. ■



1

Globale mielie vraag en aanbod.

	2017/2018	2018/2019	
	Geskat (miljoen ton)	6 Des 2018 (miljoen ton)	7 Des 2019 (miljoen ton)
Produksie	1 094,2	1 068,4	1 080,5
Aanbod	1 394,2	1 379,5	1 393,3
Benutting	1 071,4	1 107,9	1 114,0
Handel	152,7	157,2	158,9
Eindvoorraad	312,8	267,5	274,7

Bron: AMIS

HIERDIE PUBLIKASIE IS MOONTLIK GEMAAK DEUR DIE BYDRAE VAN DIE MIELIETRUST